

---

---

# Synsperspektiewe en spekulatiewe mistiek in Andrew Murray se teologie

**A.W.G. Raath**

**Navorsingsgenoot, Departement Filosofie**

**Universiteit van die Vrystaat**

**RaathA@ufs.ac.za**

## **Abstract**

### **Perspectives on being and speculative mysticism in Andrew Murray's theology**

*The ontology of Neoplatonic mysticism has a sincere interest in the introvertive life of the spirit, the juxtaposing of man's natural existence and the higher spiritual life in the heart, and the spiritual knowledge of God's deep love for the soul. Neoplatonic mystical spirituality had a lasting impact on Andrew Murray's theology. Firstly, he pursues the avenue that on its mystical quest, the soul must concentrate all its faculties on its very self, upon the invisible and intangible, and that all visible things are forgotten. All the scattered faculties must be called in by a deliberate exercise of will and the mind of its swarms of images and thoughts. For the mystical encounter with the One, it must sink into that blank abode where Reason cannot enter. The whole of this process, this gathering up and turning inwards of the powers of the self and gazing into the depth of the soul, is what for Murray is mystical introversion. The deliberate practice of introversion is tightly bound up with the sense of Divine Immanence. Its emphasis is on the indwelling God Who may be found by a spiritual journey towards the centre. The One is more truly our own who is not only with us but in us. To Murray contemplation establishes communion between the soul and the Absolute by way of two complementary modes of apprehension of the One: The flight to God, and the transcendence of the natural faculties. The end of the mystic introvertive journey is the*

*mysterious fusion of divine and human life. Following the Neoplatonic mystical tradition through Gerhard Tersteegen's quest for the introvertive life, Murray's mystical theology shows signs of meaningful influence by the Neoplatonic mystical tradition.*

**Sluutelsterme:**

Andrew Murray, Augustinus, Dionisius, mistiek, Plotinus, spekulatiewe mistiek, syn

**Key terms:**

Andrew Murray, Augustine, being, Dionysius, mysticism, Plotin, speculative mysticism

## 1. Inleiding

Mistici plaas sterk klem op die sinsverhouding tussen God en wêreld. Omdat mistiek gedryf word deur die verlange na 'n regstreekse aanraking met die goddelike, is dit altyd soekend na 'n brug tussen Skepper en skepping, na 'n punt waar beide as vorme van syn op 'n basis van gelykheid, by mekaar aansluit. Die bydrae van die Neoplatonistiese onderbou tot die Christelike mistiek, het veral die sintese van die Platonistiese kennisleer en die Aristoteliese sinsbeskouing in die Christelike tradisie tot gevolg gehad (Venter, 1973:450). By Plotinus (205-270 n.C.) kulmineer dit in die emanasiespiritualiteit – alle sigbare dinge is die uitstralings van die Één goddelike Al (Venter, 1973:45). Mistiek is bygevolg ontologies georiënteer en maak gewag van die betrekking tussen eenheid en veelheid, tussen God en wêreld. Eenheid het te make met die onveranderlike, die geestelike, die volmaakte; veelheid met veranderlikheid, die materiële, die onvolmaakte.

In die mistiek is die primêre vraag of 'n mens die grens tussen eenheid en veelheid kan oorskry, kan transendeer. Die teks uit Handeling 17:28 (“... want deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons ...”) word vervolgens uitgelê as sou die verborge raakpunt tussen God en wêreld in die diepste van die menslike wese setel. Dié uitleg staan dus teenoor die Reformatoriese skeppingsmotief dat geen oorgang tussen Skepper en skepping, tussen Skepper en skepsel, moontlik is nie.

Andrew Murray (1827-1917) se teologiese denke is sterk deur die mistieke tradisies van die vroeë Middeleeuse mistici, Jacob Böhme (1575-1624) en William Law (1686-1761), beïnvloed. Gevolglik word die volgende vrae ondersoek:

- Die mate waartoe Murray se teologiese werk die Neoplatonistiese en vroeg-Middeleeuse mistieke invloede van spirituele verinnerliking vertoon het,
- die dualisme van liggaam en gees onderskryf het en
- deur die spekulatiewe mistiek beïnvloed is.

## 2. Die sinsleer en spekulatiewe mistiek van die Neoplatonisme en vroeë Middeleeue: Andrew Murray en die Plotiniese verinnerliking

### 2.1 *Plotinus en spirituele verinnerliking*

Plotinus (205-270 n.C.), stigter van die Neoplatonisme, filosoof en mistikus, het – benewens Plato – die grootste invloed op veral die Middeleeuse mistiek gehad. Plato het veral vanweë sy ideële bekendheid verwerf – ’n standpunt wat godskenis deur middel van vergeesteliking gepropageer het (Plotinus, 2018:169 (klassieke verwysing 2.4.5)). Plotinus, daarenteen, het die oergrond van alle syn in die bodem van die menslike bestaan gevind – ’n leerstuk ingevolge waarvan die grond van die eie bewussyn saamval met die goddelike bewussyn van die Al. Dié standpunt spruit uit die emanasiële ingevolge waarvan die wêreld ontstaan het deur uitvloeiing (of uitstraling) uit die godheid en as’t ware voortgekom het uit God (Plotinus, 2018:189 (klassieke verwysing 2.5.5)). Die wêreld is ’n stukkjie van die godheid en bestem om weer in God terug te keer. Uit die eenheid, God, kom die veelheid, die wêreld, in opeenvolgende stadia (Plotinus, 2018:364 (klassieke verwysing 3.8.9)). Die emanasie kom tot ’n einde wanneer die mens en al sy kognitiewe funksies terugkeer tot en in God.

Hoe keer die mens terug na God, na die godheid, van Plotinus? Deur in homself te keer langs die weg van verinnerliking, deur in sigself te skou en die raakvlakke te ontdek waar die goddelike en die menslike mekaar ontmoet (Plotinus, 2018:532 e.v. (klassieke verwysing 2.4.5)). Volgens Plotinus woon God in die diepste van die siel. Die siel het ’n onversadigbare hunkering na dié godheid, omdat die stuurman van die siel, die *nous*, die rede, ’n beeld is van die Één: Gelykes trek mekaar aan, soos die oog deur lig aangetrek word (Plotinus, 2018:655 (klassieke verwysing 6.1.7)). So streef die siel

deur skoue na die oorsprong. Die verlange, die *Eros*, is altyd gerig op die skoonheid buite sigself en tree op as bemiddelaar tussen die verlangende subjek en die verlangde objek. Die *Eros* word vir die minnaar as't ware die oog waarmee hy die beminde aanskou.

Voorts glo Plotinus dat die mens God kan aanskou deur suiwing van die sintuiglike, die liggaamlike, die verstandelike sigself (Plotinus, 2018:101 e.v. (klassieke verwysing 1.6.9)). Die mistikus beleef 'n verligting, 'n instroming van liefde: Plotseling aanskou hy iets as 'n aanwesigheid, soos van 'n groot lig. Die mistikus is passief en word deur die godheid in besit geneem. Dít is die vereniging, die Platoniese terugkeer na die oorspronklike suiwerheid en gelykvormigheid met die Één.

## **2.2 Augustinus en die Plotiniese verinnerliking**

Die invloed van Plato en Plotinus het via Augustinus (354-430 n.C.) neerslag in die Middeleeuse mistiek gevind – invloede wat tot in die post-Middeleeuse tydvak deurgewerk het. Augustinus sien die siel as 'n beeld van God, 'n klein drie-eenheid, van *memoria* (herinnering), *intelligentsia* (verstand) en *voluntas* (wil), waarvan die rasonale deel 'n goddelike karakter vertoon. Deur kennis van dié beeld, deur selfkennis, sou die mens kennis van God kon verkry. Volgens Augustinus kan die mens in hierdie lewe afskaduwing sien van die goddelike werklikheid. So roep hy die mens herhaaldelik op om in homself, na die grond van sy bestaan te keer.

Volgens Augustinus kommunikeer God met die mens slegs in die sentrum van die siel, volgens die Platonistiese skema van suiwing, verligting en vereniging. Die terugkeer na God, behels dus wesenlik 'n terugkeer na die grond van die mens se bestaan. God woon in die allerdiepste van die siel en God is meer innerlik en hoër as die mens se hoogste hoogte (*interior intimo et superior sumo meo*) (Augustinus, 1860: klassieke verwysing 3.6.11). Die terugkeer van die siel na God, is in ooreenstemming met die Platoniese vergeestelike *gnosis*-leer, in wese 'n inkeer tot sigself (Augustinus, 1860: klassieke verwysing 10.8.12-27) deur trapsgewys in die setel van die gees tot die goddelike te nader (Augustinus, 1860: klassieke verwysing 7.17.23).

Dit is dus die trapsgewyse suiwing van die sintuiglike, van die begeertes, deur te konsentreer op die geestelike en ook met stille berusting te ontledig, sodat 'n lig in die siel kan skyn (Augustinus, 1860: klassieke verwysing 9.10.23-25) en die menslike gees oormeester. So vind die voltooiing van die Neoplatonistiese mistieke gang van suiwing, verligting en vereniging plaas. Dié triade het in die post-Augustiniese era kenmerkend van die Christelike mistiek geword.

### 2.3 *Dionisius se ontkenningsteologie*

Volgens Dionisius (6de eeu n.C.) kan die mens slegs oor God praat deur middel van ontkennings. Sy negatiewe teologie was die aanvang van 'n lang tradisie van mistici wat op allerlei wyse negatiewe teologie voorgestaan het: Meister Eckhart (1260-1329), Johannes Ruysbroeck (1293-1381), Johannes Tauler (c.1300-1361), Johannes van die Kruis (1542-1591), Theresa van Avila (1515-1582), asook Middeleeuse teoloë soos Anselmus (c.1033-1109), Bonaventura (1221-1274) en Thomas van Aquinas (1226-1274).

Dié negatiewe teologie bereik 'n hoogtepunt in die latere Middeleeue, aan die vooraand van die moderne tyd. Dionisius skryf uit sy onbehae teen die Aristoteliese filosofie en die Skolastiek, wat poog om God in wysgerige strukture in te kapsel. Tegelykertyd berus die negatiewe teologie op die gedagte dat die mens God nodig het, maar dan op 'n afstand, in 'n mistieke ervaring. So vertoon die mistiek van Dionisius ooreenkomste met dié van Plotinus: God is nie die *Agape* nie, maar die *Eros*, 'n liefdesverlange, waaroor die mens van nature beskik. Daarom soek elkeen na God.

Emil Brunner poneer in sy *Eros und Liebe* dat sedert Plato, via Plotinus en Dionisius, die hele Christelike mistiek eroties van inslag is, in die sin van 'n diepgaande heimwee na volkomenheid (Brunner, 1937). In sy werk oor die mistieke teologie, beskryf Dionisius dit as 'n leer wat van die aarde na die hemel reik en waarop die engele op- en afaan: "The Angel ascending is the 'negative' which distinguishes Almighty God from all created things. God is not matter – soul, mind, spirit, any being, nor even being itself, by above and beyond all these ... Theology prefers the negative because Almighty God is more appropriately presented by distinguishing than by comparison" (Dionisius, 2018:100).

Dionisius se werk, *Mistieke Teologie*, vertoon duidelike trekke van dié ontkenningsteologie. Van die *via negativa* (die weg van ontkenning) skryf Dionisius aan 'n vriend, Timoteus, dat by mistieke kontemplasie, "... thou leave the senses and the activities of the intellect and all things that the senses or the intellect can perceive, and all things in this world of nothingness, or in that world of being, and that, thine understanding being laid to rest, thou strain (so far as thou mayest) towards an union with Him whom neither being nor understanding can contain. For, by the unceasing and absolute renunciation of thyself and all things, thou shalt in pureness cast all things aside, and be released from all, and so shalt be led upwards to the Ray of that divine darkness which exceedeth all existence" (Dionisius, 2018:1 e.v.). Die geestelike opgang van die mistikus om met God te verenig vind dus trapsgewys van reiniging, deur verligting, tot vereniging plaas.

### 3. Andrew Murray se mistieke synsleer

#### 3.1 Murray se verinnerlikte spiritualiteit

Murray se introspektiewe mistiek stem ooreen met dié van die piëtis, Gerhard Tersteegen (1697-1769): Volle oorgawe aan God is die geheim van die innerlike mistieke lewe; die geheime omgang met God in die binneste. Op die skutblad van sy *Wholly for God*, haal Murray woorde van Tersteegen aan: “To be Wholly for God is the true secret of the inner mystic life. The one only secret of the mystics is the secret intercourse with God” (Murray, 1893: skutblad). Die woestynvader, Macurius van Egipte (c.295-386), was op sy beurt rigtinggewend vir Tersteegen se mistieke verinnerliking. In sy werk *Institutes of Christian Perfection*, beskryf Macurius die hart as die mistieke setel van die binneste: “For the heart is a tomb, in which the mind and its thoughts lie buried, and involved in thick darkness; then the Lord comes to the souls which cry to Him from that Hell, that is from the depth of their heart ...” (Macurius, 1816:180).

Murray gebruik die Neoplatonistiese metaforiek in sy jukstaposisionering van die hart, as mistieke sentrum van transkonseptuele kennis, teenoor verstandskennis, wat sintuiglik verwerp word. In sy werk, *The New Life*, volg Murray Tersteegen se Neoplatonistiese perspektief op spirituele eenheid in die Godheid teenoor die menigvuldigheid van die empiries waarneembare. Dit behels die verborge omgang met God in die hart, waar die lewende fontein van lig te vinde is, teenoor die rasonale denke, die stil en rustige omgang met God in die hart, teenoor die konseptuele gewaarwordinge van die sintuiglike: “(T)he spiritual understanding is in the heart, the temple of God. O preserve in the temple of God a holy silence before His countenance: then He will speak” (Murray, 2017:263). Die hart is die setel waar die goddelike openbaring plaasvind (Murray, 2003:8).

Die stille omgang met God berei die weg voor vir die toegang tot die *gnosis*, die ontsluiting van die verborge en geheime kennis wat nie verstandelik deurgrond kan word nie: “Follow, in the daily ordering of the inner and outer life, with meek docility His teaching, and you shall be counted worthy to have secrets revealed to you which to most disciples are a sealed book. The wisdom will lead you into the mysteries of complete redemption” (Murray, 2004:76).

Murray se kommentaar by William Law se *Dying to Self*, volg laasgenoemde se onderskeid tussen intellektuele en spirituele waarneming (Murray, 1898:xiii). Die latente natuurkragte wat by sonlig in bome en blomme tot ontluiking kom, is 'n beeld van die liefde van God wat op die ontvanklike

siel skyn en spirituele vrugbaarheid verwek: "(T)he light of God's face and love shining on the soul is meant to be the very first condition of the further manifestation of His power to sanctify and make us fruitful" (Murray, 1898:35). Die lig van God se aangesig en liefde omskyn die siel en wek die menslike gees op ter transendering van die wêreldse gees wat die mensdom in duisternis hul: "That light of God's shining in us is omnipotent. It will give peace and brightness, joy and fruitfulness, purity and wisdom. It will be springtime and summer to our souls, giving fruitfulness and power to make glad those around us. Above all, that light will reveal God within us; in His light we shall see light" (Murray, 1898:36).

Die mistieke verlossingswerk in die siel is niks anders nie as die inwaartse, onmiddellike, voortgaande werking van die Vader, Seun en Heilige Gees wat die eerste lewe wat Adam afgesterf het, opwek. Dié goddelike lig en verheffing van die siel tot God, is die mistieke godsdiens, skryf Murray in sy kommentaar op William Law se mistiek, *Wholly for God*: "This is the *mystic religion*, which, though it has nothing in it but that same spirit, that same truth, and that same life, which always was and always must be the religion of all God's holy angels and saints in heaven [which] is by wisdom of this world accounted to be madness" (Murray, 1893:xxxvii).

Bestaan die gevaar van ontologisme en teognostisisme by Murray? Indien ons alles in die ewige waarheidsnorme, die goddelike idees, waarneem, behels dit in die finale instansie dat ons God onmiddellik en ín Hom alles waarneem. Skynbaar ontkom Murray daaraan. Soos by Augustinus, is God vir Murray nie die *objek* van menslike kennis nie, maar die *grond*, die *bron*, wat die menslike rede met verhewe kennis vul. Die hart is die sentrum waar die intieme omgang en vereniging met God plaasvind (Murray, 2014:383). In sy *Hebrews. The Holiest of All*, gee Murray 'n gedetailleerde beskrywing van die introvertiewe lewe in die hart: "In man's nature the heart is the central power. As the heart is so is the man. The desire and the choice, the love and the hatred of the heart prove what a man is already, and decide what he is to become ... the heart gives the real inward man his character; and 'the hidden man of the heart' is what God looks to. God has given us access to the secret place of His dwelling, to the inner sanctuary of His preserve and His heart ... our innermost being must in truth be yielded to Him, true to Him" (Murray, 2014:383).

Sowel die Neoplatonistiese introvertiewe sentrum van omgang met God as die trapsgewyse nadering tot God, tree in Murray se mistiek op die voorgrond. Die 'hart' is nie 'n eenduidige grootheid nie, maar 'n mistieke sentrum, wat verskillende vlakke van goddelike teenwoordigheid vertoon.

Die mens is God se tempel waarvan drie dele onderskei word. Eerstens, die buitehof, die uiterlike sigbare lewe, wat deur die wet van God regeer word en waar die diens bestaan in die aanskoue van wat nodig is om ons nader aan God te bring. Tweedens, is daar die siel met sy innerlike lewe, krag, denke, gevoel en wil. Derdens, is daar in die herbore mens daar agter die sluier, verberg van menslike sig en lig, die verborge allerheiligste: “Deeper down than where the soul with its consciousness can enter there is a spirit-nature linking man with God” (Murray, 2004a:158).

### **3.2 Murray en die via negativa**

Murray se ontkenningsteologie berus op vier spekulatiewe postulate:

#### *3.2.1 Die afskouende geesteshouding*

Wanneer die roeping van God aanvanklik in die siel opflikker, eis dit 'n ontvanklike geesteshouding – die stil, passiewe en nederige fokus op die ontwakende Lig, die afsien van die eie wil, rede en oordeel – produkte van die koninkryk van die self-heid: “... all these natural powers of self are to be silenced and suppressed, till they have learned obedience and subjection to the Spirit of God” (Murray, 1893:150). Afskoue van die rasonele en sintuiglike is die kortste weg tot bevryding van dwaasheid, ligsinnigheid en versterking van die rasonele aard van die mens, verlig en gelei deur die Lig wat self Wysheid is. Murray gebruik die metafoor van kinderlikheid: 'n Kind wat gehoorsaam sy eie wil en rede aflê om deur die wil en rede van 'n ware wys en verstandige mentor gelei te word, handel nie dwaas en onverstandig nie, maar volg die kortste roete na die seën en rasionaliteit van sy eie wil (Murray, 1893:150).

#### *3.2.2 Ontkenning van die self-heid*

Murray dui die ware grond en noodsaak aan van die universele afsterwe en ontkenning van die self-heid wat betref ons sintuie, apytye, humeur, begeertes en oordele (Murray, 1893:151). Onbeteuelde begeertes en valse oordele moet afgesterf, verander en gereinig word en die natuurlike staat afgelê word, voordat ons die Koninkryk van God kan betree: “Again, our own life is to be hated; and the reason is plain, it is because there is nothing lovely in it. It is a legion of evil, a monstrous birth of the serpent, the world, and the flesh; it is an apostasy from the Life and Power of God in the soul; a life that is death to heaven, that is pure unmixed idolatry, that lives wholly to self, and not to God, and therefore all this own life is to be absolutely hated, and



this self is to be denied and mortified, the nature, spirit, tempers and inclinations of Christ are to be brought to life in us ... And therefore all these mortifications and self-denials have the absolute necessity in the nature of the thing itself" (Murray, 1893:151-152).

Dit behels die prysgawe van alle self-liefde en die natuurlike mens. Die natuurlike mens is vasgevang in die greep van self-liefde en dit word vereis dat daarmee gebreek word. Alle self-liefde moet afgelê word. Dit alles moet in die hande van goddelike Liefde oorgegee word, ten einde die natuurlike mens te transformeer tot 'n dissipel van Christus. Self-liefde is geheel en al aards, sinlik en duiwels en daarom moet dit van alles wat natuurlik is, gestroop word en aan die voete van Jesus gelê word, "(a)nd then all things are common as soon as selflove has lost the possession of them" (Murray, 1893:152). Wanneer die grootste dief, self-liefde, uitgeban is en alles wat deur self-liefde gebuit en versteek is, herwin en in die hande van goddelike Liefde geplaas is, word elke gierigheid 'n groot skat en dié rykdom open die deur na ewige woning: "For no one can enter into heaven till he is made heavenly, till the Spirit of heaven is entered into him. And therefore all that our Lord hath said of denying and dying to self, and of his parting with all that he hath, are practices absolutely necessary from the nature of the thing" (Murray, 1898:153).

### 3.2.3 *Selfverloëning en afsterf van die selfheid*

Die ware aard en waarde van alle selfverloëning en afsterf van die selfheid moet *beseft* word. Self-verloëning en afsterf van die self, beskik as sodanig op sigself nie oor heiligende opwekkende krag nie. Hul waarde bestaan daarin dat dit die struikelblokke van heiligheid verwyder, die hindernisse tussen God en ons afbreek en die weg vir die heiligende Gees van God na ons siele open. Dit is die enigste middel wat die goddelike lewe in die siel kan opwek, of na die ware heiligheid kan lei. Alle menslike werksaamheid beskik oor geen inherente waarde, maar open slegs die deur na die enigste goed, die Lig van God, om in ons te werk (Murray, 1893:157).

### 3.2.4 *Die oorgawe aan God*

Die besef van die absolute afhanklikheid van God is 'n verdere stap met twee opvallende implikasies:

Eerstens, hou dit die siel gefokus en deurlopend gerig op God, in geloof, gebed, begeerte, selfvertroue en oorgawe aan Hom. Die siel wat op God gerig is, ontvang God en beleef sy teenwoordigheid: "It

stands at the true door of all divine communications, and the Light of God as freely enters into it as the light of the sun enters into the air” (Murray, 1893:159).

Tweedens, vestig en begrond dit die siel in die ware en blywende self-verloëning en besef van God se liefde: “It is the knowledge of the All of God that makes Cherubims and Seraphims to be flames of divine Love. Where this All of God is truly known and felt in any creature, there its whole breath and spirit is a fire of love; nothing but a pure disinterested love can rise up in it, or come from it, – a love that begins and ends in God. Where this love is born in any creature, there a seraphic life is born along with it. This pure love introduces the creature into the All of God, – all that is in God is opened in the creature; it is united with God, and hath the Life of God manifested in it” (Murray, 1893:160).

#### 4. Samevatting en gevolgtrekking

Die antwoorde op die navorsingsvrae in die inleiding gestel, kan soos volg saamgevat word:

- Murray staan onder die invloed van die Neoplatonistiese mistiek. Gerhard Tersteegen se Neoplatonistiese verinnerliking, was waarskynlik die stimulus vir Murray se introvertiewe mistiek. Soos by Tersteegen en ander introvertiewe mistici, speel die antitese tussen sinlike en bo-sinlike dinge en die verlange om één met God te wees, ’n belangrike rol in Murray se mistiek. Al die soeke, honger en verlange in die hart, is die trekkragte van die goddelike magneet, Jesus Christus. Die werking van die Heilige Gees, skep ’n hunkering in die siel, sodat elke dag, elke uur, in elke gebed, die glorie van die Vader alles mag wees. Dié bestemming is die eindpunt van die mistieke reis na die Allerheiligste van die hart. Dit is ook die bestemming van die ware kennis van God – kennis wat nie noodwendig vir die verstand toeganklik is nie.
- Vir Murray beteken lewensheiliging die losmaak van sigbare dinge deur kontemplasie, die opstyg na hoër spirituele sfere van onsinlike genot en die verlange éénwording met God. Die menslike siel (of gees) moet deur askese en mistieke kontemplasie uit die stoflike bande bevry word. Bevryding van die natuurlike bande wat die spirituele begrip onderdruk, begin by afskoue van die vleeslike inklinasies, begeertes en verwerping van die oorlegginge van die verstand. Diepste hartskenning is één en kinderlik en staan teenoor die menigvuldige oorlegginge van die verstand.

- Die bestemming van mistieke kontemplasie is vir Murray die Één oorspronklike Bron van alle dinge in die spirituele wêreld. Al die sigbare dinge is emanasies of uitstralings van dié Bron. Vir Murray word die grens tussen God en mens in die mees innerlike sentrum van die menslike gees oorgesteek. Dié sentrum is, volgens Macurius, die hart waarin die denke beslote is. Net soos Macurius, verbind Murray dit met die ligmetafoeriek van Christus as die Son van Geregtigheid wat in die hart skyn en die nederigheid wat die siel by aanskoue van Christus se verliggende werk van die hart besit neem.
- Murray het in verskeie opsigte by die mistieke ontkenningsteologie aangesluit. Die *via negativa* is die weg om met die Één verenig te word. Dié mistieke weg word bewandel deur 'n afskouende geesteshouding, ontkenning van die self-heid, selfverloëning en oorgawe aan God. Onder invloed van die Neoplatonisme, is Murray se soeke na die Één, waar enkelvoudige spirituele kennis te vinde is. Die aflegging van self-wil is die kern van Murray se betoog ter bevryding van die veelvuldige oorlegginge en aktiwiteite van die menslike verstand en die stille vereniging in die hart met God. Natuurlike verstand en kennis is in die kop, maar die hart is die tempel vir die aanbidding in gees en waarheid. Aflegging van die self-wil open die deur na die lewende kennis in die hart, waar die lewende fontein van lig te vinde is. Elkeen wat in die hart met God verenig leef, aanskou in 'n oogwink meer as wat andere met groot inspanning poog om te verkry.

## Bibliografie

AUGUSTINUS. 1860. *Confessions*. Vertaling W.G.T. Shedd. Andover: Warren F. Draper.

BRUNNER, E. 1937. *Eros und Liebe*. Berlin: Furche Verlag.

DIONISIUS. 2018. *Works*. Vols. 1 & 2. New York: Global Grey Books.

MACURIUS. 1816. *Institutes of Christian Perfection*. Vertaling G. Penn. London: John Murray.

MURRAY, A. 1893. *Wholly for God*. New York: D.F. Randolph.

MURRAY, A. 1898. *Dying to Self*. London: James Nisbet & Co.

MURRAY, A. 2003. *Jesus Himself*. Bloomington: Bethany House.

MURRAY, A. 2004. *Abiding in Christ*. Bloomington: Bethany House Publishers.

MURRAY, A. 2004a. With Christ in the School of Prayer. In: A. Murray, *Books of Andrew Murray*. New Jersey: Spie Books, pp. 152-243.

MURRAY, A. 2014. *Hebrews. The Holiest of All*. Bloomington: Bethany House Publishers.

MURRAY, A. 2017. *The New Life. Words of God*. Bloomington: Bethany House.

PLOTINUS. 2018. *The Enneads*. Transl. G. Boys-Stones. Cambridge: Cambridge University Press.

VENTER, E.A. 1973. *Die Ontwikkeling van die Westerse Denke*. Bloemfontein: SACUM.